Hoërskool Transvalia
60
1958 - 2018
Tel: (016) 932-1155/6
Finansies: (016) 932-1176
E-Pos: valia@hstransvalia.co.za
Webblad: www.hstransvalia.co.za
Posbus 12012
LUMIER
1905
H/v Schumann & Bach str.
Vanderbijlpark S.W. 5

Verwysing: ..........................................

2021-11-29

Oueromsendbrief no. 6

Geagte Ouer/Voog

REëLINGS VIR AFHAAL VAN RAPPORTE, FINANSIES EN AFHAAL VAN HANDBOEKE IN 2022

Afhaal van rapporte op Vrydag 10 Desember

**Rapporte** word **tussen** **10:00 en 12:00** afgehaal onder die afdakke by blok A en B. Ouers wat rapporte in die saal moet gaan afhaal, sal persoonlik verwittig word.

1.1 Skoolgeld

*Skoolgelde vir 2022 beloop in totaal R17 700.00 per leerling per jaar.*

Die res kan soos volg afbetaal word:

*10 gelyke paaiemente van R1 570.00 per maand* (Februarie tot November)

*Ten volle betaal teen einde Februarie* met 10% korting op R15 700.00

Leerders wat op akademiese-, sport-, kultuur- en leierskapgebied presteer het in 2021, kan in aanmerking kom vir merietebeurse, wat **korting op skoolgeld** beteken en kan hiervoor **aansoek** doen in **Januarie.** **Merietebeursvorms sal in Januarie beskikbaar gestel word** en moet teen einde Januarie ingedien wees.

Neem asb. ook kennis dat ouers wat finansiële probleme ondervind en wat volgens bruto inkomste kwalifiseer volgens Staatsregulasie 29311, kan aansoek doen vir subsidie deur die
nodige aansoekvorms by die finansiële kantoor te kry en in te dien.
Neem kennis dat die aansoeke vir subsidie einde Januarie 2022 sluit en dat die voorgeskrewe aansoekvorm en stawende dokumente dan deur die Beheerliggaam van die skool verwerk sal word. Riglyne volgens Staatsregulasie 29311 sal dan deur die Beheerliggaam gebruik word om subsidies toe te ken.

## 1.2 Eerste paaiement

Die **eerste paaiement** van die skoolgelde naamlik **R 2000.00**, is NOU reeds tot 14 Desember in die finansiële kantoor met 'n bankkaart óf EFT-transaksie betaalbaar (8:00 tot 13:00). Gelde is ook **na** 15 Des. per internet betaalbaar, sodat leerders handboeke kan ontvang vir die aanvang van die nuwe skooljaar. Hierdie Internet betalings kan gedoen word tot en met 6 Januarie 2022. (Inbetalingsbewyse word tot dan, aan die boekstoor voorsien.)
Wanneer u 'n internet betaling tussen **6 Januarie en 12 Januarie doen, moet u asb. self sorg vir die inbetalingsbewys om by die boekstoor te toon.**
**Let wel !!** Verwerking van meriete beurse en subsidies gaan **nie** plaasvind, alvorens die R 2000.00 betaal is nie, want dit maak **nie** deel uit van meriete beurse en subsidie nie.

## 1.3 Sentrumfondse:

| | |
|---|---|
| R 300.00 : | IT; RTT; Visuele Kuns; Drama |
| R 500.00 : | Verbruikerstudie |
| R 200.00 : | Ekstra vakke (elk) |
| R 450.00 : | Pas en Draai |

Leerders wat ekstra vakke wil neem (bv. 8ste vak), moet in Graad 10 daarmee begin. Ekstra koste van R 200.00 per vak, per jaar moet betaal word.

## 1.4 Roete bustariewe:

| | |
|---|---|
| Kwartaalkaartjies | R 1 600.00 |
| Jaarkaartjies | R 4 400.00 |

BANKBESONDERHEDE VIR INBETALINGS

| | |
|---|---|
| ABSA | Rekeningnommer 530 390 594 |
| TAKKODE | 632005 |
| VERWYSING | Skoolfondsrekeningnommer |

## 2.Afhaal van handboeke

Leerders kan hulle handboeke alreeds op **Maandag 10 Januarie en Dinsdag 11 Januarie ,** voor die skool amptelik begin, in die volgende klasgroepe by die boekstoor kom afhaal:

Maandag 10 Januarie 2022

**Gr 8 : 8:00-10:00 Gr 12 : 10:00 – 12:00**

Dinsdag 11 Januarie 2022

**Gr 9 : 8:00-10:00 Gr 10 : 12:00 – 14:00**

Daar sal 'n lys met internet-oorbetalings in die boekstoor beskikbaar wees vir inbetalings tot en met Donderdag 6 Januarie. Vir kaart-inbetalings word 'n kwitansie uitgereik. **Indien u sou versuim om die betaling te doen, gaan u kind sonder handboeke wees tot en met die inbetaling.**

Leerders moet hul eie **bewys van die R2000.00 betaling** by die boekstoor toon, met inbetalings ná 6 Januarie, alvorens boeke uitgegee sal word.

3.Ekstra benodigdhede by onderskeie vakke

Alle inbetalings vir werkboeke en sommige handboeke **(wat nie by die eerste paaiement ingesluit is nie)** moet asb. elektronies OF met 'n bankkaart betaal word. GEEN KONTANT NIE ASB.

Meld as verwysing die leerling se naam en waarvoor die betaling is. Toon bewys van betaling by onderskeie vakpersoneel.

| | |
|---|---|
| Natuur Wetenskap | Werkboeke : Gr 8 en 9 (R 210.0). Gr 10 – 12 Fisika en Chemie (R400.00). Betaal asb eenmalig. Die boeke word vanaf kwartaal 1 gebruik. |
| Besigheidstudies | Handboek : Gr 10 (R 180.00) ; Gr 11 (R 200.00) ; Gr 12 (R 200.00). Moet asb. nie vorige jare se handboeke by leerders oorneem nie, want die werk is aangepas. |
| Wiskunde | Hardeband skrif met 288 bladsye (Gr 10 – 12). |
| Rekeningkunde | Werkboek Gr 10-12 R 220.00. 'n Sakkielêer (50) (Flip file). |
| Verbruikerstudie graad 10 | Handewasseep, voorskoot of chefsjassie, hoedjie / haarnet, afdroogdoek wat hulle elke keer moet huis toe neem en weer saambring. (Alles by Makro beskikbaar.) |
| Kuns Graad 11 | Bronboek (A2) met boks omhulsel en handvatsel. Mixed media pad. |
| Kuns Gr 10 | Visual Jotter (A3-tekenboek) verkieslik met 'n harde buiteblad. Teken potlode (grys/grafiet), kan apart gekoop word of in stelle (soos leerder verkies) as dit apart gekoop word moet jy 'n B, 2B, 4B en 6B / 8B en "charcoal" tekenpotlood hê. Putty uitveër (Kneadable art eraser), 'n stel kwasse met verskillende groottes, akrielverf. |
| Toerisme | Verpligte werkboek teen R 280.00 (Gr 10-12). |
| IGO | **Gr 10 en 11 :** Werkboek R300.00. |

Plastiek Portefeuljelêers vir:

| | |
|---|---|
| Engels | Graad 8 (Pienk); Graad 9 (Rooi); Graad 10 (Groen) Graad 11 (Pers); Graad 12 (Donkerblou). |
| Afrikaans | Personeel sal persoonlik met leerders reël. Graad 12 : Sakkielêer (Flipfile minimum 20) vir poësie en kleurpenne. |
| Besigheidstudie | Graad 10-12: Almal pers. |
| Ekonomie | Graad 12 (Rooi); Graad 11 (Groen); Graad 10 (Blou). |
| Inligtingstegnologie | Smal ringlêer. Gr 10 (Navy/donkerblou); Graad 11 (Pienk); Graad 12 (Ligblou) |
| Kuns en Kultuur Gr 9 | Sakkielêer met 10 bladsye; 5 swart kartonne; inkleurpotlode of vetkryte. |
| EBW Gr 8 en 9 | Enige kleur. |

Let wel : Leerders mag nie met assesseringstake in uitwisbare ink werk nie

VALIA KLEREWINKEL: Vir die gerief van ons ouers, is gereël dat Sedgars sportdrag en algemene skooldrag by Hoërskool Transvalia beskikbaar sal hê vanaf 12:00 tot 14:00 op die volgende datums: 14,21,28 en 29 Desember, asook 4 en 11 Januarie 2022. Indien u voor die saal se glasdeure staan en u stap met die regterkantste stoep af, sal u by die klerewinkel aan die regterkant om die hoek, uitkom. Tye en datums vir die res van die jaar sal weer aangekondig word.

'n Geseënde Kersfees en 'n aangename rustyd word aan elkeen toegewens.
Kom volgende jaar veilig terug, gevul met nuwe moed en baie entoesiasme!
Valia-groete.

J R Venske

……………………………………

HOOF